Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, January 02, 2022
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Geldsake: Begin jou jaar reg

As jy nie spaar nie, gaan jy nie welvaart skep nie

Ek wonder hoeveel lesers het vanoggend wakker geword en aan die mooi Nuwejaarsvoorneme gedink waarmee hulle gisteroggend die jaar 2022 aangepak het.

Ek weet vir baie is dit om gewig te verloor en meer gereeld te oefen. Is dit nie maar die gewildste voorneme waarmee baie mense hul jaar (elke jaar?) begin nie? Ek glo so.

Maar 'n dieet en oefenprogram hou mos net tot die eerste dag wat jy laat slaplê. Dis die rede vir my inleidende vraag hierbo. Dit is mos altyd die eerste dag wat alles omkrap.

Die probleem met enige voorneme, of dit nou 'n gewig-, oefen-, studeer- of geldvoorneme is, dit hou net tot jy die eerste keer daarvan afwyk. Daarvandaan gaan dinge vinnig in 'n spiraal ondertoe.

Waaroor gaan dit dus eintlik maar alles?

Dissipline. Dit is die sleutelwoord tot sukses. My seuns terg my al en noem dit die groot "D".

Ek glo as jy 'n ding begin en jy het die dissipline om by jou besluite te bly, om deur te druk met wat nodig is, gaan jy sukses behaal. Dit is seker.

Met jou geldsake ook. As jy geld mors, gaan jy nie spaar nie. As jy nie spaar nie, gaan jy nie welvaart skep nie. Dit is regtig baie eenvoudig. Al wat kort, is om die besluit te neem (jou voorneme) en dan om jou daartoe te verbind deur 'n finansiële plan op te stel.

Die finansiële plan is soos enige roetekaart. Dit wys jou waar jy is en waarheen jy op pad is. Daarvandaan gaan dit net oor dissipline. Die dissipline om nie af te wyk van jou roete nie, want as jy eers afgewyk het, gaan jy met 'n lang ompad weer moet terugkom op die regte roete.

Ek hoor soms mense wat sê jy gaan nooit ryk word uit 'n salaris nie. Ek verskil. Eerstens, sonder 'n inkomste gaan jy nêrens. Wees dus dankbaar as jy werk het. Moenie negatief wees as jy dalk minder verdien as die volgende persoon nie. Lewensvreugde hang nie af van hoeveel jy het nie. Wees dankbaar dat jy het.

Tweedens, jou doelwit is nie om ryk te word nie. Wat is ryk? Die miljardêrs wat deesdae so een ná die ander op ruimtevlugte gaan? Of ek en jy wat genoeg het om van te leef en gesond genoeg is om die lewe te geniet?

Dit gaan nie oor ryk word nie, dit gaan oor om vir jouself welvaart te skep. Om deur harde werk jouself te verbeter en deur dissipline aan die dag te lê nie alles vandag uit te gee nie, maar genoeg te bêre vir môre en oormôre. Genoeg om te sorg vir 'n man of vrou wat jou oorleef. Vir kinders.

Waar begin jy? Met my eerste punt hierbo het ek gesê wees dankbaar dat jy het. Dat jy 'n werk het is een daarvan. Maak seker as die noodlot jou tref en jy nie meer kan werk nie, dat dit nie die einde van jou geldpad is nie.

Daarom, my eerste punt vir veral jong mense wat die geldpad begin stap, is nie om sommer aandele te koop nie. Dit is eerstens om genoeg versekering te hê. Gister se beroep met status en vet salaris beteken niks as jy vandag ongeskik raak en nie kan werk nie.

Dieselfde geld jou naasbestaandes, man, vrou en kinders. En deesdae selfs ouers, as ek so luister na hoeveel ouers se aftreegeld vir hul kinders se studie, huise of karre betaal het. As jy nie voorsiening gemaak het dat jy dalk êrens voor jou aftreeouderdom hierdie wêreld gaan verlaat nie, kan jy iemand in geldellende agterlaat.

En dan kom spaar. En die dissipline om by jou spaarplan te hou. Elke maand, sonder uitsondering. Die geld-versoekings wat oor jou pad kom kan jy uitstel. Baie keer kom 'n mens ná 'n paar dae in elk geval agter dit was nie so belangrik nie.

Maar as jy agterraak met jou spaarplan haal jy dit nie weer in nie. Jy kan dink jy doen, maar jy doen nie. Jy het al die groei gemis op die geld wat jy nie gespaar het nie en dit kan jy nooit inhaal nie.

Om jou geld te belê is 'n langtermynprojek. Jy moet vroeg begin. Hoe vroeër jy begin, hoe beter vir jou spaardoelwit. Daardie ding wat ons noem "opbrengs" is die magtigste stuk gereedskap wat jy het as jy vir jouself wil welvaart skep.

Dit is omdat jy groei kry op groei. Die aandelefonds van 'n plaaslike fondsbestuurder wat ek graag gebruik, het byvoorbeeld oor die afgelope 23 jaar gemiddeld 20% groei per jaar gehad, teenoor inflasie van 5,3% oor dieselfde tydperk. In totaal dus groei van 6 625% op elke rand wat jy daar belê het, sonder om enigiets verder by te dra.

Tyd in die mark. Só raak jy welvarend. Ryk is nie jou doelwit nie. Dit gaan oor die beste doen wat jy kan met wat jy het. En dissipline.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.